Blokraai -PRET

Maklik om uit te druk!

saamgestel uit vandag se koerante

24 Januarie 2021

DIE BURGER Beeld Volksblad Rapport

Blokraai 458

Twee kanse om R500 te wen

Versteek in die sirkels, afwaarts gespel, is **'n woord vir die unieke syfer van 'n produk wat met of ná die vervaardiging daaraan toegeken word**. SMS die woord BLOK gevolg deur jou antwoord na 34581. Die lyn sluit op 30 Januarie om 12:00, en elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e word verreken. Die wenner word op 14 Februarie aangekondig.



Naam..... Tel..... Faks of e-pos.....

Vul jou naam en adres in, neem 'n foto van jou voltooide raaisel en e-pos dit na pretblad.weekliks@rapport.co.za.
Skryf asseblief die nommer van die blokraaisel in die onderwerpveld.

Blokmakierie

In die geel blokkies is 'n koddige sin versteek wat op die rooster sal verskyn nadat jy die Blokmakierie korrek voltooi het (jy lees die sin van bo af ondertoe).

Dwars

1. Vetterige bedekking van sekere vrugte wat veral vroeër gebruik is om kerse te maak (Engels: bayberry wax)
8. Voorskrif oor hoe iets gedoen moet word of wat toelaatbaar is
10. Dikkerige vloeistof aan tafel wat glo ook sy trein het
11. Eventuele
13. Graan suiwer deur die kaf daaruit te laat wegwaai
14. Ganslewerpatee staan ook bekend as . . . de foie gras (uit Frans)
16. Geen bang . . . op jou kop hê nie
17. Gesinsdokters
18. Dikvelligheid waarmee jy kan teel? (anagram)
19. Huisafval of vullis
21. Soos 'n lam . . . slagting
23. Indo-Europees (afk.)
24. Iewers
26. Nederduitse Gereformeerde (afk.)
27. Globale doeltreffendheidsindeks (afk.)
28. Wegneem
30. In camera beteken agter geslote . . .
31. Kamer vir die prisonier
32. Emalje
34. Eienaardige en ongewone
37. Submikroskopiese entiteit soos die een wat die huidige pandemie veroorsaak
39. Natuurlike witwyn, nie 'n superieure grand cru nie
43. Handeling van aan te land of te arriveer
44. . . . vlees is soos gras
45. Dit gaan saam met klouseer
46. Só 'n mens is stom of sonder kiesreg

Af

1. 'n Gebou oprig
2. Toestand waarin iemand is
3. Tuinblom rondom die pupil van die oog?
4. 'n Derde van 'n trio
5. Geld waag as jy trou in Londen?
6. Gedurigdeur
7. Vreemdeling wat nie in ons land gebore is nie
9. Geringskattende
10. Stawwe van vorste
12. . . . Palmas is 'n stad op die Kanariese Eilande
15. Kaartspele se ene
17. Gedroogde gras in 'n mied
20. Uitwendige of eksterne
22. Liewe, sagte mens
25. Kleinste getal aanwesige stemgeregtigdes wat 'n vergadering kan hê om wettige besluite te mag neem
27. Iets in die rekenaar of stoeikryt
29. Lidwoord by manlike selfstandige naamwoorde in Duits
31. Kobaltglas wat tot 'n pigment gemaal is om bv. glasornamente blou te kleur
33. Stelle voorskrifte oor wat mense behoort te eet
35. Verbrande goed
36. Adolf Hitler se bruid, gebore Braun
38. Wat die man glo dra as sy vrou hom oorheers
40. Alles korter gemaak
41. Met só 'n petroltrenk ry jy geen tree verder nie
42. As hierdie vis wyn kry, word hy 'n plant met dik blare!



Juniorblokraai

Kompetisie

Het jy die junior blokraai geniet? Stuur vir ons 'n selfoonfoto van jou met jou voltooide blokraai (sowel as jou naam en jou ouderdom) na pretblad.weekliks@rapport.co.za en jy kan 'n kontantprys van R250 wen. Die antwoorde van jou blokraai hoef nie alles sigbaar te wees nie.

Woordslim met die WAT

Wat beteken die woord

puerpera?

(a) vorstelike persoon (b) pers kleed (c) kraamvrou

Vrasvra

1. In watter deelstaat het oudpres. Donald Trump verlede jaar in die Amerikaanse presidentsverkiesing meer stemme gekry (meer as 6 miljoen) as in enige ander?
   (a) Texas; (b) New York; (c) Florida; (d) Kalifornië
2. Watter diere is sedert April 1994 in Antarktika verbode?
   (a) Honde; (b) Katte; (c) Perde; (d) Muise
3. Toeriste kan nie by die wêreld se grootste waterval uitkom nie, want dit is onder die oseaan. Naby watter eiland is dit?
   (a) Borneo; (b) Groenland; (c) Madagaskar; (d) Nieu-Seeland
4. Watter prettige menslike bedrywigheid is verdeel in twee dele, bekend as knismesis en gargalesis?
   (a) Fluit; (b) Sing; (c) Kielie; (d) Draf
5. Watter maand van die jaar was tot 46 v.C. die laaste maand van die jaar?
   (a) Januarie; (b) Februarie; (c) Junie; (d) Augustus
6. Watter voedselsoort voorsien mense wêreldwyd van meer as 20% van die kalorieë wat hulle inneem?
   (a) Groente; (b) Vrugte; (c) Rys; (d) Vleis
7. Wat is oorspronklik vervoer in die VSA se eerste wipwaentjie of tuimeltrein voordat dit vir pretritte gebruik is?
   (a) Graan; (b) Steenkool; (c) Hout; (d) Gouderts
8. Watter land se koning het in 1862 vir pres. Abraham Lincoln baie olifante aangebied, want " 'n land so belangrik soos die Verenigde State kan nie sonder olifante wees nie"?
   (a) Siam; (b) Ceylon; (c) Indië; (d) Viëtnam
9. Watter hemelliggaam se grootste maan bevat 'n donkerrooi gebied naby die noordpool wat Mordor genoem word?
   (a) Ceres; (b) Mars; (c) Neptunus; (d) Pluto
10. Die TV-sitkom *Friends* speel in New York af. In watter deelstaat is die hele reeks egter verfilm?
    (a) Kalifornië; (b) Florida; (c) Texas; (d) Washington

Sudoku

Maklik

			3		6			2
					8	1	5	9
				2				4
4	7							3
		6	1		5	7		
		5						
	4						6	
				7			9	
	5	9			2			

Moeilik

						6		8
	7							1
				8	9		2	7
		9						
6	8						7	4
		5				1	6	2
5							3	
		7	4	5				
4			1	6				

Jongspan

KLINKERS

Skryf die naam van die prent neer.



k _ _ _



k _ _ _ _

h _ _ _



w _ _ _ _ _

r _ _



d _ _ _ _ _

s _ _ _ _



s _ _ _ _ _



v _ _ _ _

s _ _ _ _ _ _

Oplossings

Blokmakierie

Versteekte sin: Bessie sou uiteindelik haar huis se "vuilgoed" verwyder deur vir Japie te los.

Dwars: 1. Bessiewas, 8. Reël, 10. Sous, 11. Uiteindelike, 13. Wan, 14. Pâté, 16. Haar, 17. Huisartse, 18. Eelt, 19. Vuilgoed, 21. Ter, 23. IE, 24. Êrens, 26. NG, 27. GDI, 28. Verwyder, 30. Deure, 31. Sel, 32. Erd, 34. Rare, 37. Virus, 39. Vaaljapie, 43. Koms, 44. Alle, 45. Bek, 46. Stemlose.

Af: 1. Bou, 2. Situasie, 3. Iris, 4. Een, 5. Wed, 6. Alewigdeur, 7. Buitelander, 9. Minagtende, 10. Septers, 12. Las, 15. Ase, 17. Hooi, 20. Uiterlike, 22. Engel, 25. Kworum, 27. Greep, 29. Der, 31. Smalt, 33. Diëte, 35. Asse, 36. Eva, 38. Rok, 40. Als, 41. Leë, 42. Aal.

Blokraai [454 27 Desember]

Juniorblokraai



Woordslim

(c) kraamvrou

Die woord puerpera is 'n geneeskundige term vir 'n kraamvrou. Dit kan teruggevoer word na Latyn puer, wat "kind" beteken, en parere, wat "baar" beteken. (*WAT*)

Sudoku

Maklik

9	1	4	3	5	6	8	7	2
6	2	3	7	4	8	1	5	9
5	8	7	9	2	1	6	3	4
4	7	8	2	6	9	5	1	3
2	9	6	1	3	5	7	4	8
1	3	5	4	8	7	9	2	6
7	4	1	8	9	3	2	6	5
8	6	2	5	7	4	3	9	1
3	5	9	6	1	2	4	8	7

Moeilik

9	2	3	5	7	1	6	4	8
8	7	6	3	4	2	5	9	1
1	5	4	6	8	9	3	2	7
2	4	9	7	1	6	8	5	3
6	8	1	2	3	5	9	7	4
7	3	5	8	9	4	1	6	2
5	1	8	9	2	7	4	3	6
3	6	7	4	5	8	2	1	9
4	9	2	1	6	3	7	8	5

Vasvra

1. (d) In Kalifornië het Donald Trump 34% van die stemme gekry, wat meer as 6 miljoen stemme was (teenoor Joe Biden se 11,1 miljoen stemme). Kalifornië het meer as 39,5 miljoen mense, waarvan 17,5 miljoen gestem het. Die twee deelstate waar Trump ook baie van sy stemme gekry het, is Florida, met 5,67 miljoen oftewel 51,22% (teenoor Biden se 5,3 miljoen stemme) en Texas, met 5,89 miljoen oftewel 52,06% (teenoor Biden se 5,26 miljoen stemme).
2. (a) Honde is in April 1994 in Antarktika verbied, hoofsaaklik om dié vasteland se robbe teen siektes te beskerm. Antarktika is sonder permanente inwoners, maar navorsingspanne wat daar werk, het oor die jare diere soos hoenders, muise, rotte, skape, varke, rendiere, katte, konyne en beeste daarheen gebring. Honde is vroeër gebruik om sleë te trek, maar hondesleë is deur moderner vervoermiddels vervang.
3. (b) Groenland. In die Straat van Denemarke, tussen Groenland en Ysland, is die Nordiese See se koue water digter as die Irmingersee se warm water. Die koue, digte water loop onder die warm water in en vloei oor 'n reuseval wat op die bodem van die oseaan voorkom. Hierdie ondersese "waterval" is 3 505 m hoog, meer as 3 ½ keer hoër as die hoogste watervalle op land: die Angel-waterval (979 m) in Venezuela en die Tugela-waterval (948 m) in Suid-Afrika.
4. (c) Kielie bestaan glo uit twee dele: knismesis, 'n "ligte, veeragtige" kieliebeweging, en gargalesis, " 'n harder kieliebeweging, wat lag veroorsaak". Die sielkundiges Stanley Hall en Arthur Allin het dié wetenskaplike terme in 1897 geskep om tussen die onderafdelings van kielie te onderskei. Albei woorde kom van Grieks: knismesis van knismos, wat "jeuk" beteken, en gargalesis van gargalizo, wat "kielie" beteken.
5. (b) Februarie. In die 8ste eeu v.C. is Romulus se kalender gebruik, met tien maande (van Maart tot Desember), maar sonder Januarie en Februarie, omdat wintermaande naamloos was. Koning Numa Pompilius se kalender het 12 maansiklusse gehad, en Januarie en Februarie was aan die einde van die jaar. Wanneer seisoene en maande begin verskil, is 'n skrikkelmaand, Mercedonius, ingevoeg. Julius Caesar het die kalender hervorm om dit 365 dae te gee. Januarie en Februarie het die eerste twee maande geword.
6. (c) Rys, koring en mielies is die wêreld se belangrikste voedselgewasse en lewer saam meer as 42% van die kalorieë wat deur mense verbruik word. Rys, die stapelvoedsel van ongeveer 3,5 miljard mense, sorg vir meer as 20% van hul daaglikse kalorieë. In Asië word omtrent 90% van die wêreld se rys verbruik.
7. (b) Steenkool was die hoofinkomstebron van die Mauch Chunk Switchback Railway in Pennsilvanië. Treine met 14 trokke is soggens met 'n stewige spoed by 'n heuwel af, en muile het die trokke teruggesleep. In die namiddag het passasiers 50c per rit betaal. Die eienaar het twee stoomenjins op Pisgaberg daar naby begin gebruik en die veiligheidstelsel verbeter. Teen 1873 het jaarlike 35 000 toeriste daar tuimeltreinritte onderneem.
8. (a) Siam (vandag Thailand) se koning Rama IV het in 1862 geskenke aan pres. Abraham Lincoln gestuur, waaronder 'n swaard en twee olifanttande. Hy wou ook 'n trop olifante insluit, maar Lincoln het vriendelik geantwoord dat die VSA reeds stoom- en watermasjiene gebruik en dus nie vir die olifante werk sou hê nie.
9. (d) Pluto se grootste maan, Charon, is die tuiste van Mordor Macula, die informele naam vir 'n groot donkerrooi gebied met 'n deursnee van 475 km. Dit is genoem na die swart land Mordor in die skrywer J.R.R. Tolkien se The Lord of the Rings-trilogie. Navorsers meen Mordor het ontstaan deur stofmolekules van Pluto wat op Charon vasgevang en in donkerrooi chemikalieë omskep is.
10. (a) Kalifornië is die deelstaat waar *Friends* verfilm is, al speel dié gewilde komedie in Manhattan, New York, af. Byna alle tonele in die 10 seisoene en 236 episodes is verfilm op die Warner Brothers Ranch in Burbank, 'n stad in die Los Angeles-distrik in die San Fernando-vallei.